## KATALOGISERING VAN MUSEUMBESITTINGS*

Die opstel van 'n katalogus is 'n noukeurige en tydrowende werk wat 'n grondige kennis van die onderwerp, 'n deeglike insig in die materiaal en veral baie geduld vereis. Die aantal vooraanstaande kunsversamelings in ons land, is in verhouding reeds nie baie groot nie en van die meeste van hierdie versamelings bestaan helaas, slegs 'n beknopte en in sommige gevalle, hoegenaamd geen katalogus nie. As daar 'n goeie katalogus van 'n Suid-Afrikaanse versameling verskyn, verwek dit in deskundige kringe opspraak. Op grond hiervan kan daar dus gekonstateer word dat met die verskyning van dié katalogus deur mnr. R. F. Kennedy van die versameling skilderye en tekeninge in die besit van die Africana-museum in Johannesburg, daar ongetwyfeld 'n mylpaal bereik is. Aangesien hierdie werk by uitstek 'n voorbeeld daarstel van hoe daar te werk gegaan behoort te word om 'n verantwoorde katalogus m.b.t. Suid-Afrikaanse kunswerke op te stel, verdien die werk nadere toeligting.

Die Stadsraad van Johannesburg het mnr. Kennedy, wat in 1961 as bibliotekaris van die Stadsbiblioteek afgetree het, versoek om 'n uitvoerige en vir sover as moontlik, volledige katalogus saam te stel van die oorspronklike skilderye en tekeninge in die versameling van die Africana-museum. Dit was 'n baie omvangryke opdrag. Dertig jaar gelede het drr. Gubbins en Morrison vol entoesiasme, links en regs voorwerpe en skilderye vir die jong museum bymekaar gemaak. In daardie jare was daar met enkele uitsonderings, niemand wat die wetenskaplike en kulturele waarde van Africana besef het nie. Slegs enkele persone het gepoog om soveel voorwerpe as moontlik op te hoop, omdat tereg gevrees is dat dit anders verlore sou gaan. Vir behoorlike dokumentasie en beskrywing was daar nie tyd nie en van die eerste twee jaar van dié museum se bestaan, kan selfs geen rekords gevind word nie. Wat skilderye betref, het die versameling in die bietjie meer as dertig jaar van sy bestaan, aangegroei tot die grootste versameling in die wêreld van historiese skilderye en tekeninge met betrekking tot Suidelike Afrika. Die aantal was groter as wat selfs die samesteller aanvanklik vermoed het: in totaal is daar 6014 werke in die katalogus opgeneem. Tereg sou 'n mens dus kan verwag dat die hoeveelheid werke wat nog op die oop mark beskikbaar gestel word, stadigaan uitgeput moet raak, maar in werklikheid blyk juis die teendeel die geval te wees. As gevolg van navorsing wat telkens weer nuwe werke aan die lig bring, die beskikbaarstelling van werke in bruikleen of as 'n geskenk, aanbiedings van die kant van die kunshandel, sowel plaaslik as oorsee, het tot gevolg dat die museum se versameling nog steeds toeneem. Trouens, dit is opmerklik dat die grootste aantal nuwe aanwinste gedurende 1961 tot 1964 tot die versameling toegevoeg is. Geen wonder nie dat hierdie taak mnr. Kennedy 'n hele aantal jare

*Na aanleiding van R. F. Kennedy: *Catalogue of Pictures in the Africana Museum*, 5 dele, Africana-Museum, Johannesburg, 1966-1968.

besig gehou het nie. Dié katalogus is vooraf gegaan deur kleiner opsommende publikasies in die vorm van artikels in die tydskrif *Africana-Aantekeninge en Nuus*, en twee katalogi nl. *Artist's Impression of Johannesburg/Kunstenaarsindrukke van Johannesburg, 1886-1956*, en *Important Pictures added to the Africana Museum in 1955* (gepubl. 1956).

Die groot vyfdelige katalogus wat nou tot stand gekom het, omskryf alle skilderye en tekeninge in die Museum met 'n Suid-Afrikaanse onderwerp, wat ongeveer in die jare 1964-1965 'n deel van die versameling uitgemaak het. Elke skildery is opnuut grondig ondersoek, her-gekatalogiseer en van aantekeninge voorsien. Verder is elke werk deur Kennedy van 'n baie noukeurige beskrywing voorsien, met vermelding van die materiaal, afmetings, ewentuele handtekening en datum, 'n oorsig van die verskillende eienaars van die betrokke werk asook besonderhede oor die betreffende kunstenaar. Daar is baie aandag bestee aan 'n moontlike onderlinge verband tussen die skilderye en tekeninge. As gevolg hiervan kon daar in party gevalle waar onsekerheid bestaan het oor die kunstenaar, nou 'n definitiewe toeskrywing gemaak word. In die geval van ander werke weer kon die datum waarop die werk totstand gekom het met groter presiesheid vasgestel word. Bowendien is by elke werk die historiese waarde sowel as die estetiese peil daarvan bepaal.

Die waarde van 'n skildery of tekening wat 'n historiese gebeurtenis of tafereel as onderwerp het, kan eers noukeurig beoordeel word sodra vasgestel kan word of die kunswerk inderdaad eg is. In hierdie verband ontstaan die vraag al dadelik of die kunstenaar so 'n gebeurtenis self meegemaak het en of hy persoonlik die betrokke streek besoek het. Om sulke vrae te kan beantwoord, moet bv. die verskillende togte na die binneland van so 'n kunstenaar dikwels tot in besonderhede nagegaan word. In die katalogus word elke reeks werke derhalwe voorafgegaan deur 'n kort inleiding oor die kunstenaar self, en waarin veral gelet word op die feite wat in verband met die skilderye staan, bv. as daar reisigers afgebeeld word, word nagegaan wie hulle is, waarheen hulle op pad is en wanneer dit was. Die groot probleem wat hom in hierdie opsig voordoen, is die feit dat van baie kunstenaars hoegenaamd niks bekend is nie. Daar is nie minder nie as negentig „onbekende" kunstenaars, aan wie in sommige gevalle een of meer werke toegeskryf word.

Hierdie kunstenaars het uit alle dele van die wêreld en uit alle bevolkingslae voortgekom. Baie is soldate. Offisiere in die 19de eeu moes gedurende hul opleiding o.a. tot 'n mate leer om te kan teken. Menigeen het met behulp van hierdie elementêre kennis kans gesien om heel interessante werkies te lewer. Daarenteen bevat die versameling ook 'n menigte werke van vooraanstaande Suid-Afrikaanse kunstenaars soos Frans Oerder, Erich Mayer, J. H. Pierneef, Maud Sumner en Alexis Preller. Die kwaliteit van die werke in die versameling, kan globaal ingedeel word as goed, sleg of onbelangrik. Baie werke het 'n groot historiese waarde, maar is, esteties beskou, van min waarde. Party werke is selfs baie swak, ander dwing eintlik net ons simpatie af. Daarenteen is die werk van 'n

kunstenaar soos I'Ons baie ongelyk. Nietemin is al hierdie werke belangrik as Africana.

Die kritiese benadering van die werke het daartoe gelei dat party werke, wat vroeër bv. aan D'Oyly toegeskryf was, nou juister bepaal kon word. Besonder belangrik is die groot aantal werke van Heinrich Claudius, nl. 466. Hiervan is 34 diere-uitbeeldings, terwyl die res plante as motief het. Party is vir illustrasies van 18de eeuse botaniese boeke gebruik en het op dié manier bietjie meer bekendheid verwerf. Verder het die samesteller by elke werk gemeld waar dit gepubliseer of afgebeeld is. Dit is vanselfsprekend dat hierdie verwysings nie volledig kan wees nie, ten spyte van die feit dat mnr. Kennedy oor 'n geweldige kennis van Africana-publikasies beskik. Hiervan is sy boek *Africana Repository* (Johannesburg, 1965) ongetwyfeld 'n sprekende bewys.

Dit moet 'n besondere prestasie, sowel van die samesteller as van die uitgewers, geag word dat elke skildery of tekening wat in die katalogus opgeneem is, ook afgebeeld kon word. Die afmeting van die illustrasies is klein, maar duidelik. Selfs van die minder bekende werke kan aan die hand van dié afbeeldings 'n heeltemal redelike indruk verkry word.

'n Afsonderlike rigting is die spotprent. Hiervan besit die museum 'n geweldige aantal en waarvan natuurlik net die oorspronklike tekeninge in die katalogus opgeneem is. Van elke spotprent is soveel inligting as moontlik verkry, bv. waar dit oorspronklik gepubliseer is, wie daarop voorkom en wat die strekking van die prent is. In totaal is daar nie minder as 71 spotprenttekenaars in die versameling verteenwoordig nie.

Oorsigtelikheidshalwe is die werke volgens kunstenaars ingedeel. Hierdie indeling is gevolg omdat dit die mees voor die hand liggendste was, maar ook omdat 'n indeling per onderwerp, baie praktiese moeilikhede sou oplewer. Dit sou die werk onnodig ingewikkeld maak en baie meer onsekerheid veroorsaak. Daar is egter 'n indeks op elke onderwerp in deel V. Die werk van elke kunstenaar afsonderlik is meestal chronogies ingedeel, en in uitsonderlike gevalle, waar dit onmoontlik was om die datums vas te stel, per onderwerp. In die geval van albums, waarvan daar eweneens 'n hele aantal in die museum is, is die volgorde van die betrokke werke soos hulle in die album voorkom. Daar is ook 'n chronologiese indeks op die kunstenaars. Die numerering van die werke geskied in alfabetiese volgorde. Dit maak die katalogus oorsigteliker en die gebruik daarvan makliker. Dis jammer dat die afmetings in duime en nie (ook) in sentimeters aangegee word nie. Ook sou aan 'n vroliker kleur vir die omslae voorkeur gegee kan word bo die „P.O.W.-brown" waarin dit nou uitgegee is.

Die vyf bande saam vorm 'n monumentale werk, 'n geweldige bron van inligting oor amateur-tekenaars en kunstenaars, oor versamelaars en versamelings, historiese feite en data. Eintlik is dit net mnr. Kennedy, wat oor 'n lewenslange ervaring as skrywer oor Africana, en oor 'n ontsaglike kennis van feite en besonderhede beskik, wat dié katalogus in sy huidige vorm kon saamstel. Soos reeds daarop gewys, neem dié

versameling van kunswerke jaarliks toe. Laat ons hoop dat die geleentheid geskep sal word om gereeld aanvullings op die werk van mnr. Kennedy die lig te laat sien.

Prof. F. G. E. Nilant.

## BEDRYWIGHEDE VAN DIE HISTORIESE GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

Soos in die vorige uitgawe aangekondig, word die volgende jaarvergadering van die Federale Hoofbestuur op Bloemfontein gehou. Intussen is ook die datum vasgestel, nl. 18 en 19 September 1970. Op eersgenoemde dag sal die vergadering o.a. toegespreek word deur sy edele die administrateur van die Oranje-Vrystaat, of 'n verteenwoordiger van hom, terwyl op die volgende dag, benewens die gewone sakevergadering, referate gelewer sal word deur proff. J. J. Oberholster en M. C. E. van Schoor oor die volgende twee temas: *Die stand van die historiese belangstelling in ons moderne gemeenskap* en *Die brug tussen Geskiedenis op skool en Geskiedenis op universiteit.*

Verder word weer eens herinner aan die jaarvergadering van die Transvaalse afdeling van die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika* op Vanderbijlpark op 9 Oktober 1970. Gedurende die middag lewer dr. Leuchner en prof. J. S. du Plessis referate oor die stand van Geskiedenisonderrig oorsee terwyl die hoogtepunt van die aandfunksie 'n toespraak sal wees deur sy edele senator J. de Klerk, president van die Senaat.